



TOULEIER



Seil soos 'n droom, en eet soos 'n ruspe op die QM

Ek is seker selfs die nuwe lesers sal my verskoon dat die nuusbrieff dié week effe laat is. Sien, ons is so pas terug hier tussen Doha se duine nadat ek en Kamermaatjie ons agterente behoorlik lam gekuier het op die Queen Mary 2.

Ek hoor mens noem 'n boot of skip in Afrikaans nie 'n 'sy' nie, maar hierdie statige ou dame verdien haar vroulike status as koningin van die oseaanvaarders. Glo my, die bietjie roes wat 'n leser op op een van my Bakkies-boekfoto's opgemerk het, doen geen afbreek aan haar beeld nie. Daar is net een woord om ons ervaring mee te beskryf: MOERSE!

Mens kan nie eintlik vir ander presies laat verstaan hoe lekker dit is om op 'n lang bootreis soos hierdie een te gaan nie. Ek gaan probeer.

So het ons toe die 10de Januarie op Heathrow lughawe geland, en van meet af aan is die rooi tapyt uitgerol. Net buite die doene wag 'n jong kêrel ons in met 'n bordjie wat lees "Cunard - Queen Mary 2" en ons word met 'n luukse bus vervoer na die opklimpele in Southampton se hawe.

Daar het hulle 'n spesiale terminaal waar ons vinnig en vriendelik ingeboek is. Elke passasier word met 'n tipe kredietkaart uitgereik wat nie net jou bewys van identiteit is nie, maar ook als aantekening wat jy aan boord aankoop. Dit sluit ook jou kajuit oop. Die kajuite op die QM2 heet "staterooms" en lyk basies soos 'n kompakte moderne hotelkamer, en in ons geval kompleet met balkon, platskerm-TV en dwerggaskassie waar hulle klokslag elke middag die ysemmertjie kom aanvul.

Ons klim effe versigtig op. Dis ons eerste keer en aanvanklik proe proe ons net aan wat voorgesit, word maar gou kan jy nie anders as om jou maar net eenvoudig oor te gee aan al daai genotjies nie. Veral dié wat so vinnig hier op die heupe kom sit. Mens verander oornag in 'n rusper. Daar is 24/7 iets lekkers om elke hoek en draai en op byna elke dek. Die goed smee om geëet te word.

Om jou gewete darem so effens te treiter, is die oefendeke op die selfde dek as die kitskoskombuise. Dis nou dek sewe, die enigste een waar jy buitelangs reg rondom die skip kan loop. Doen jy een rondte op hierdie dek, dan het jy sowat 950m afgele. Nou kry jy natuurlik van daai fiksheidsmalles wat heel bleddie dag loop en oefen. Hier vlak voor jou verby, waar jy aan die binnekant van die glasmuur sit en smul aan jou hamburger en tjps. Laat jou somer skoon skuldig voel omdat jy nog 'n ekstra varkworsie in strepiesspek toegedraai, ook nog op jou bord gelaai het. Gelukkig was daar meer van ons aan die binnekant as van hulle daar buite.

Soos Annabelle tereg opgemerk het, of jy nou alleen reis, of in pare of in 'n groep, dis die beste manier om te reis. Dis nou soos om totaal en al te ontsnap van die stres en struwelinge van die gewone lewe. Mens kan so veel of so min doen as jy wil, niemand gaan met jou neul daaroor nie. Daar is gedurig iets aan die gang êrens op die skip.

Vir my was die groot lekkerte dat jy kan kies net wanneer jy wat wil doen. Baie van die aktiwiteite word ook 'n paar keer per dag herhaal.

Dis waar dat dit baie duur is, maar ek reken mens moet net eenvoudig besluit jy gaan dit doen en dan spaar daarvoor. Dis absoluut waarde vir geld. Iets wat elke mens homself ten minste eenkeer in sy lewe behoort te gun.

Volgende keer meer oor ons stukkie belewenis van die eerste segment van die Queen Mary 2 se 2013 wêreldreis.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur



WENKE:
Maxine
weet beter!

KENNER

Om te verhinder dat aartappels uitloop, plaas 'n appel saam met hulle in die sak.

MAXINE

Koop kapokaartappels. Jy kan dit 'n jaar lank sonder bederf op die rak hou.

KENNER

As die resep sê jy moet die bakpan met koekmeel bestryk, gebruik liever 'n bietjie droëkoekmengsel. Dit laat geen spore aan die koek se buitekant nie.

MAXINE

Gaan koop 'n koek by die bakkerij! Hulle sal dit selfs vir jou versier!

KENNER

Draai seldery in aluminiumfoelie toe en plaas dit in die yskas. Dit bly weke lank vars.

MAXINE

Seldery?
Nog nooit daarvan gehoor nie.

Vreemde gesegdes

God gee neute aan die man sonder tande.

Arabiese gesegde van ironie.

Daar's nie 'n koei op die ys nie.

Geen rede tot paniek - Sweeds.

Ek gaan waar die Tsaar te voet gaan.

Badkamer toe gaan, om dat dit glo die enigste plek was waarheen die Tsaar nie 'n koets gebruik het nie. - Russies.

Om ou koeie uit die sloot te grawe.

Om iets op te haal wat liefsvetete moet bly. - Afrikaans.

Hy druk suurlemoene uit.
Hy nooi homself. - Hindi

Die herkoms van ons gesegdes (1)

A

Aap: Die aap is uit die mou (wanneer iets openbare kennis word).

Volgens oorlewering het die kulkunstenaar 'n apie in die wye moue van sy kleed versteek en dit dan skielik te voorskyn gebring; amper soos vandag se haas uit die hoed.

Amasone: Sy is 'n regte Amasone (verwys na 'n erg robuuste vrou).

Volgens oorlewering 'n strydvlugtige groep vroue met geamputeerde regterbors om pyl en boog beter te hanteer. In Grieks beteken a-mazos "sonder bors".

Augiasstal: Die Augiasstal reinig. ('n Byna onmoontlike taak verrig.)


Augias was 'n mitologiese koning wat duisende beeste in sy stal aangehou het en dit dertig jaar lank nie skoongemaak het nie. Herkules het dit op een dag gedoen.

Kyk altyd waar jy die prys plak!



Verveeld by die werk?

Al wat jy nodig het, is 'n potlood, 'n vel papier, 'n paar dooie vlieë op jou vensterbank en verbeelding.



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

GOEIE VRAAG

Die pa besoek sy seun op universiteit. Hy word 'n laboratorium gewys, waar verskeie studente met proefbuis en dinge besig is.
 "Wat doen hulle?" vra die pa.
 "Ons probeer om 'n universele oplosmiddel te ontdek," sê die seun.
 "Wat is dit?"
 "Dis 'n vloeistof wat enigiets sal oplos."
 Die pa het 'n rukkie staan en dink, en vra toe:
 "En waarin gaan julle die vloeistof aanhou?"



KOOS SE MISTYKIE

Koos se kar breek, hy loop tot by die naaste plaas waar die boer hom slaapplek aanbied.
 "Jy kan op die bank slaap, of by Baby in die kamer."
 Koos verkies die bank want hy is nie lus om na 'n baby te luister die hele aand nie.
 Die volgende more bring 'n sexy dingetjie vir Koos koffie,
 "My naam is Baby, en joune?"
 Koos: "Ag, noem my sommer maar Dwis."

TONGKNOPER

My liewe neef Louw, my neus jeuk nou.
 Jeuk my liewe neef Louw se neus ook nou?

SONDAGKOERANT

Die inbeller was baie ontsteld en het die koerantkantoor gebel om te hoor waar haar Sondagkoerant is.
 "Mevrou," sê die werknemer, "dis Saterdag. Jou koerant sal môre afgelewer word, wanneer dit Sondag is."
 Ná 'n lang stilte antwoord die vrou, al mompelend:
 "Wel, dit verklaar natuurlik ook hoekom daar niemand by die kerk was nie."

PIEPGELUID

Jan se vrou skud hom in die middel van die nag wakker.
 "Word wakker, ek het nou net 'n muis hoor piep."
 Jan maak sy een oog oop en vra: "Wat moet ek doen? Hom olie gee?"

ROOSTERBROOD

As roosterbrood val, land dit altyd met die konfytkant na onder.
 Katte land altyd op hul pote.
 Wat sal gebeur as jy die roosterbrood op 'n kat se rug vasmaak?
 - Steven Wright.

FORTUIN

Vrou: "Jy is net lief vir my omdat my pa 'n fortuin aan my bemaak het."
 Man: "Moenie laf wees nie. Ek sou lief vir jou gewees het as énigteen 'n fortuin aan jou bemaak het."

ANDY CAPP – deur Smythe



Die regte smoelneuker van die ou dae

Die woord "smoelneuker" vir daai konsertinahekke van draad het onlangs op 'n taalblog ter sprake gekom. Hier is 'n artikel wat so onlangs as 1953 nog in *Die Burger* verskyn het nadat T.O. Honiball skynbaar die verkeerde tekening gemaak het.

In hierdie artikel skryf "Mielieblaar" van Kaalbult, Wes-Transvaal soos volg aan Oom Jurie:

Kyk, neef, ek is nie 'n man wat met ander gaan staan en twis nie, maar ek wil verskil oor daardie bekslaner-hek van jou waarvoor jou nou die dag geskryf het en wat mnr. Honiball vir jou geteken het. Dit mag wees dat julle in die Kamneboo daardie soort hekke het, maar hier in Wes-Transvaal het ons 'n anders soort wat ons die "smoelneuker" noem.

Ter wille van die nageslag van jou Joerg en my Peet moet ons die saak oplos, anders weet die nageslag nie meer hotkant of haarkant toe nie.

Sien, neef, hier in Wes-Transvaal is daar op iedere bult en in iedere laagte 'n hek; dit is om die vee uit die mielielande te hou. Hierdie hekke is van draad gemaak en hulle heet smoelneukers.


Hulle word eintlik so gemaak: eers die hekpaal, dan die draad se hekhout met 'n klomp pouliersparre en draad aan die ander hekpaal vas. Om die hekpaal is 'n dwarshout met 'n stuk ketting vas wat om die hekhout vas is, en wat jy ombuig na die hekpaal en met 'n draadoog vasknip.

Nou kan dit gebeur as jy met die regterhand die hekhout vashou en met jou linkerhand die draadoog afhaak as die hek styf gespan is, dat die dwarshout jou in die gesig slaan, want 'n mens kan verstaan daar is nie nog 'n ander hand om die dwarshout mee vas te hou nie. Vandaar sy naam, smoelneuker.

Ek sit 'n prentjie ook by sodat almal goed kan verstaan.

Sien, daar is waar ek van Neef verskil. Daardie Kamneboo-hek kan 'n mens mos met die hand vashou sodat hy jou nie kan slaan nie. Ek wou al eerder geskrywe het maar ek wou eers my vriende raadpleeg. Almal stem saam dat met jou hek iewers iets verkeerd is.

(Oom Jurie antwoord: Ek is baie dankbaar vir die neef dat hy my so mooi reghelp, maar dit was nie ek wat verkeerd was nie; dit was daarie vent Honiball wat al eenkantoe weg meen sy prentjie gevoeter het, sos ek al gesê het. Ek het vir hom mooi beduie, maar toe wil hy mos nou kom beter weet. Die stad se mense maak maar so; altyd wil hulle beter weet as ons wat al van aggentaggentig rond vierkant in die plaas gestaan het. Nee, ek ken daardie smoelneukers. Ek het hulle ammelee van agter af oopgemaak, agter die hekpaal gaat staat en dan die draadoog afgesukkel sodat als op 'n hoop val. Hierdie keer het ek selwers gekyk lat die prentjie reg geteken wêre.)



ANNERLIKE GESKIEDENIS

Egipteland was bewoon deur mummies en hulle het almal op hulle hero-gleuwe geskryf en vir hulle pappies gewys.

Hulle het in die Sarah-woestyn gewoon en het waterbeurte gehad van die min reën.

Die klimaat was so erg dat al die inwoners op ander plekke gebly het, en net naweke huis toe gekom het om sandkastele te bou. Die boesmans het in hulle tuine gewerk.



MAKERIEPAS!

Oumanne in die army

Voëltjie strip die sammajoor se moer

Deur WESSEL EBERSOHN

Ná die mediese ondersoek is enkele ouens wat met ernstige kwale sukkel huis toe gestuur. Ander wat darem nog in redelike toestand was, maar wat gelyk het asof hulle nie die strawwe oefeninge sou kon baarsaak nie, is kombuis toe gestuur.

Die res is in ses pelotonne ingedeel, elke peleton met sy luitenant, sersant en twee korporaa's – almal dienspligtiges.

Daardie eerste volle dag in die army moes ons eers ingelig word oor die wat, hoe, waar en wie van wat voorlê. Oor die hoekom is nie veel gesê nie.

Al die troepe het in 'n kleiner saal bymekaar gekom om deur die sammajoor toegesprek te word. Hy was in die gewone lewe 'n besigheidsmans, maar het hier ontpop as 'n streng militaris wat geen bogtery sou duld nie.

Ongelukkig vir hom het hy te doen gehad met 'n klas mens wat hulle nie sommer net so aan gesag gaan onderwerp nie: Jy sou moes werk daarvoor. Net nadat hy begin praat het, begin daar 'n klein voëltjie hier tussen die manne skree.

“Wie de donner is dit wat so maak?!”

Doodse stilte, die ene onskuld. Niemand kyk vir Chris nie, want dan gaan daar vir seker gelag word. Ons wat hom geken het, het geweet hy kon sulke geluide maak, maar al het sammajoor op sy kop gaan staan en soos 'n trein gefluit, sou niemand Chris verraaï nie.

Sammajoor het die manne 'n paar oomblikke aangegluur en toe voortgegaan met sy aanbieding.

“Tweeet-tweeet”, kom dit weer.

Sammajoor het sulke rooi vlekke op sy gesig uitgeslaan van woede.

“Luitenant, stel vas wie dit is wat so maak! Julle sal in hierdie saal sit totdat ek uitgevind het wie my gesag ondermyn. Dis nie speletjies nie, ons is besig met ernstige sake!”

“Ja en ons is nie &*%#\$\$@\$ kinders nie,” het iemand onderlangs gebrom.

Daar sit ons toe in die saal en sweet tot middag toe, sonder ete en drinke, maar niemand kon die voëltjie kry nie en ons het nie omgee nie – ons is mos in die army!

Sammajoor het seker vandag nog die bynaam van “Voeltjie”.



Vroue is maar net slimmer!

Daar hang elf mense aan 'n tou onder 'n helikopter - tien mans en een vrou.

Die tou is nie sterk genoeg om almal te hou nie, en een moes laat los en val, of hulle sou almal val.

Hulle het baie gesukkel om 'n besluit te neem, totdat die enkele vrou 'n baie inspirerende toespraak gehou het.

Sy het gesê sy sal vrywilliglik laat los, want sy is 'n vrou wat gewoon is om alles vir haar man en kinders op te gee en gereeld opofferings maak sonder om iets terug te verwag.

Aan die einde van die toespraak het al die mans vir haar hande geklap.

Malema, ek wil 'n plaas hê

Ons het pragtige woorde gekry op 'n ou bekende Afrikaanse Volksliedjie "Mamma, Ek Wil 'n Man Hê" se wysie.

Dalk kan ons dit as deel van "Nuu Verwerkte Afrikaanse Volksliedjies" sing?

Dit lui so:

♫ Malema, ek wil 'n plaas hê
Watse plaas my Kameraad?
Wil jy dalk 'n **Melkplaas** hê?
♫ Nee, Juju, nee
'n Melkery die wil ek nie
Want vroeg opstaan die gaan ek nie
Wat my sal plesier
Is 'n plaas vol koringbier!

♫ Malema, ek wil 'n plaas hê
Watse plaas my Kameraad?
Wil jy dalk 'n **Beesplaas** hê?
♫ Nee, Juju, nee
'n Beesteplaas die wil ek nie
Want drade span die gaan ek nie
Wat my sal plesier
Is 'n plaas vol koringbier!

♫ Malema, ek wil 'n plaas hê
Watse plaas my Kameraad?
Wil jy dalk 'n **Wynplaas** hê?
♫ Nee, Juju, nee
'n Plaas vir wyn die wil ek nie
Want wingerd snoei die ken ek nie
Wat my sal plesier
Is 'n plaas vol koringbier!

♫ Malema, ek wil 'n plaas hê
Watse plaas my Kameraad?
Wil jy dalk 'n **Wildplaas** hê?
♫ Nee, Juju, nee
'n Plaas vol bok die wil ek nie
Want baie werk die soek ek nie
Wat my sal plesier
Is 'n plaas vol koringbier!

♫ Malema, ek wil 'n plaas hê
Watse plaas my Kameraad?
Wil jy dalk 'n **Graanplaas** hê?
♫ Nee, Juju, nee
'n Plaas vol graan die wil ek nie
Want oes en plant verstaan ek nie
Wat my sal plesier
Is 'n plaas vol koringbier!

♫ Malema, ek wil 'n plaas hê
Watse plaas my Kameraad?
Soek jy dalk 'n **Sitrusplaas**?
♫ Nee, Juju, nee
Op 'n Sitrusplaas werk jy jou vrek
As die trekker staan en die damme lek
Laat die Witman liever boer
Ek bly lekker in my shack!!!

Hoe om mense by die werk te irriteer

1. Los die kopieermasjien op die verstelling WAT 200% verklein, ekstra donker druk en 99 kopieë maak.

2. Oefen om faksmasjien- en modemgeluide te maak.

3. In vergaderings, haal jou pen uitmekaar en lanseer die inktpatroon per ongeluk.

4. Kram papiere in die middel, nie in die linkerhoek nie.

5. TIK ALTYD MET DIE CAPS-LOCK AAN.

6. tik alles in onderkas.

7. moeniekommassenpunteofspasies tik nie.

8. Skud jou kop gereeld soos 'n parakiet as jy 'n aanbieding maak.


9. Vra jou kollegas misterieuse vrae, en teken dit in 'n notaboekie aan. As hulle vra wat jy doen, mompel iets soos "psigologiese profiele."

10. Gebruik al die kopieermasjien se papier en laat die mandjie leeg.

11. Gebruik al die krammetjies in die krambinder en los hom leeg.

12. Tap net genoeg water vir jouself in die koffieketel, en stap dan weg. Mense wat gou 'n koppie koffie wil skink voordat hulle begin werk, hou daarvan om te wag dat water kook.

13. As jy 'n kopie maak, moenie die krammetjies vooraf verwyder nie.



My buurvrou het kom vra of sy my stofsuiers kan leen.

"Alte seker – solank jy hom net in my huis gebruik!"

POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

Meer oor die bollie op die paradegrond

In Kammanuus 343 het ene Johan ons in die Makeriepas-reeks vertel van die moleste toe iemand op die sammajoor se paradegrond gebollie het.

JOHAN BLUMENTHAL was ook daar, en vertel hoe hy die storie onthou:

Toe ek die storie lees, toe staan ek skielik weer op die paradegrond van Otavi (ISWA-Speseenheid).

Dit was 'n eenheid waar al die eenhede bymekaar was wat 'n spesiale funksie gehad het: diie honde-eenheid, valskermeeenheid, berede, motorfiets, spoorsnyers, ens.

Dit was die fisiese koptelling van rasseverskille wat baie diverse probleme gegee het. Die verhouding wat so 60 wit outjies teen 600 swart outjies, en almal was nie altyd die beste vriende nie.

Van die basis af is ons as honde-eenheid na verskillende basise in Ovambuland uitgeplaas. My vriend met wie ek nog gereeld kontak het, Jan Maritz, is saam met HP Nel en Jones na Rundu se wêreld uit geplaas. Ek self was na Baken 5¼ uitgeplaas - so 90 km oos van Ruakana. Ons het 'n hek op die kaplyn na die Caluhek in Angola beheer.

Dit was met 'n tydelike teruggeset na ons hoofbasis in Otavi waar dit gebeur het. Daar was redelike wrywing en een aand het die Caspirbestuurders 'n Caspir teen 'n afdraand in lyn met ons tent gesit en met die handrem af en uit rat uit stadig op ons tente afgestuur. Ek sal daar stop met die voorval. 'n Geveg met 'n strykkyster in 'n balsak het nie 'n Sneeuwitjie-einde nie!

Van toe af het ons 'n hond in ons tent laat slaap vir so 'n bietjie persoonlike sekuriteit, en ook as 'n vroeë alarm. Onder korreksie was dit Robinson se hond wat die aand by ons geslaap het.

Ons tent was langs die paradegrond, en ons het sommer vroegoggend so skuins oor die paradegrond na ons honde se hokke gesluip.

Die paradegrond was mos heilige grond wat jy net met parades mag betree. Natuurlik te lui om om te stap, het Robinson se hond op pad hokke toe sommer gou sy merk op die paradegrond gelos. Pleks van optel, het hy toilet papier op die plek gaan indruk.

Toe word dit tyd vir parade. Al die eenhede het aangetree, regs gerig om in lyn te kom en dies meer. Die kapelaan het die Parade met skriflesing en gebed geopen. Die podium was mos op die kant in die middel, en die honde bol het so tussen twee pelotonne gelê, eerste seksie van voor af!

Ek weet tot vandag toe nie wat die boodskap van die kapelaan was nie. Die RSM - of die "Rooi Moer" soos ons hom gedoop het - het ook nie die boodskap gehoor nie, want sy oë was soos 'n brommer s'n vasgenael op 'n hond se bollie! Sy woordeskat was beperk, met 'n oormatige herhaling van "Foekking". Alles was foeking!

Dit was Rooi Moer se beurt en soos die kapelaan afklim met seën, so klim die RSM op, en al die genade en seën verdwyn soos mis voor die son!

Sy eerste woorde is gebulder en jy kon sy kleintongetjie tot in die laaste ry van die verste peloton sien. Op eerste oop opslag het hy in elke geval nie goed gelyk nie: Die man het hare gehad soos 'n oerang-oetang, rooi soos 'n vars wortel en dit het gekrul om elke hempsmou, kraag en waar ook al dit kon uitsteek!

"WIE HET OP MY FOEKING PARADE GROND GEK@K?"

Almal is baie ernstig, jy haal mos nie eens asem op 'n paradegrond nie. Weer eens en onder korreksie, dink ek dit was Robinson wat ewe manmoedig bulder:

"DIS 'N HOND, SAMMAJOOR!"

Dit het gelyk asof daai podium van NASA af gestuur was, want die volgende oomblik lyk dit soos 'n stofstorm wat losbreek en opstyg.

"WATTER HOND VEE SY FOEKING GAT AF MET FOEKING K@KPAPIER?!"

Die dag het wel geëindig, maar eers nadat ons op die paradegrond ons lange verloor het met 'n behoorlike PT-sessie.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

PAMPOENKOEKIES

2k pampoen

½ k meel

sout

2 eiers geklits

1t bakpoeier

Meng, bak lepelsvol alkante bruin in warm olie. Dreineer, strooi met kaneelsuiker.

MIELIETERT

2 dik snye witbrood

1 k melk

2 eiers

1 blikkie suikermielies (OF 2 k melies + 3 E kondensmelk)

sout en peper

1 e botter

2 e suiker

Week brood in melk, klits eiers, meng als. Bak by 180 grade C tot mooi bruin.

GROENMIELIE- BROOD

2 k melies, gemaal

Knypie sout

1 t suiker

1 t bakpoeier

Meng als. Vul 'n digsluitende blik 2/3 vol, plaas in in kastrol met water om blikke tot net bokant die helfte te bedek, en stoom vir 2 ure (of bak in oond)

• As blikkies nie deksels het nie, bind 'n plastieksakkie met 'n toutjie styf bo oor vas, maar maak voorsiening vir rys-spasie!

STAMBOOM

Familiespeurders soek hulp

BOTHA johanritadebeer@gmail.com

My oupa, Louis Johannes Botha, was in die Anglo-Boereoorlog. Ons vermoed dat hy moontlik van Potchefstroom was.

DIPPENAAR johanritadebeer@gmail.com

My ouma was Anna Magrieta Dippenaar. Ek is nie seker van die spelling van Magrieta nie. Ek is ook Anna Magrieta de Beer, nee Botha.

DE VILLIERS rubybird@mweb.co.za

Die afstammeling van die Franse Hugenoot Jacob de Villiers.

GOUWS marietta2510@telkomsa.net

Jacobus Stephanus Gouws gebore 25 September 1883 op Willowmore en oorlede 4 Augustus 1965 op Beaufort-Wes. Getroud met Johanna Catharina Burness. Kan enigeen meer inligting voorsien. Terug voorouers se kant toe.

KOTZE johan@lifestyle35052.co.za

My oupagrootjie was Wessel Johannes, getroud met Elsie Johanna Jacoba Vollgraaff. Wil graag weet waar hulle afstammeling is.

LOUW irene.cornelissen@telkomsa.net

ROOS johanroos22@gmail.com

My oupagrootjie was Paul Jacobus Frederik Roos, gebore 14/1/1863 op Pietersburg. Hy was getroud met Maria Elizabeth Janse van Rensburg, wat die dogter was van die Boere- Kommandant van Zoutpansberg, Hendrik Christoffel Janse van Rensburg. Het enigeen meer inligting oor hom asb?

WASSENAAR vryefries@gmail.com

Ek is besig met die familiegeskiedenis van die Wassenaars wat hulle oorsprong op die plaas Grootrietpan, Middelburg, Transvaal gehad het.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Ma weet daai skildery van die ou met die lap om sy kop, van Gog of ietsie? Jannie het dit bietjie meer kleur gegee. Hy het die lap weggeverf en 'n oor opgeteken. Lyk nou sommer stukke beter."

Liewe Pa en Ma

Dit voel glad nie soos 'n week wat julle al weg is nie, want ek en Jannie geniet ons baie. Ek het eintlik vir Pa baie slegte nuus.

Ou Anna wat in die huis sou ingeslaap het terwyl Pa-hulle oorsee is, se tannie is dood en ek het toe maar vir haar gesê sy kan die hele tyd wat pa hulle oorsee is by haar familie in Soweto kuier. Dalk het Pa haar tannie geken en is ek nou die een wat die slegte nuus moet oordra. Pa en Ma moet nou nie oor ons worry nie want ons is oukei.

Ek het Pa se nuwe *suit* vir haar man geleen vir die begrafnis, pa gee mos nie om nie. Ek het Pa se kruisboog uitgehaal so ons kan onself verdedig. Jis, maar die ding skiet, hê? Ons het cowboys en kroeks gespeel toe skiet ek na daai ou bank van ma wat oumagrootjie nog vir haar gegee het. Die pyl gaan deur hom. Jannie het nogal baie bloed in hom.

Ons het per ongeluk swembadsuur op die eetkamerstoele laat kom toe ons die houer laat omval het nadat dat ons daarvan op die bloedkolle gegooi het. Daai kolle sit nog, maar nie meer so erg nie.

Die dokter wat vir Jannie steke in sy boud gesit het, het gesê ons moet dit liewers nie meer doen nie. Ek het toe maar die bank vir die mense gegee wat die vuilgoed wegry want ons moes hom stukkend sny om die pyl uit te kry. Gelukkig was dit die oue wat ma altyd sê kom van Napoleon se tyd af. Ek het my per ongeluk raakgesny en toe moes ek ook 'n paar steke kry. Die dokter sê pa gaan ons moer.

Pa, ek het toe daardie stellasië wat aan die dak van die garage hang wat pa altyd bang was val op die kar, vir pa afgehaal. Ek weet pa dink nou dit het bo-op die Ferrari geval, maar dit het nie, want ek het gedink dit sou 'n helse skade wees en toe trek ek en Jannie hom eers uit. Ongelukkig het die rak toe geval, maar net op die vloer en van die blikke verf het toe uitgespat en geloop. Van dit het teen ma se nuwe BMW gespat, maar ons het dit dadelik met *paintremover* afgehaal.

Ek weet nie hoekom nie maar dit het meer verf afgehaal as wat gespat het. Ek het pa se kar weer ingetrek, maar die vloer was toe baie glad van die verf en toe wou hy nie gou genoeg stop nie en nou staan 'n gedeelte van sy bonnet in die kombuis waar die stoof gestaan het. Die stoof is nou naby die yskaste waaroor ma dalk bly gaan wees, want sy sê mos altyd sy loop haar dood tussen die stoof en die yskas. Die kar se kattebak lyk nog mooi. Die stoof het ons aan vergeet op high en toe brand daai nuwe AMC pot so aan dat ek dit saam met die bank weggegooi het.

Ons het gister vir ons lekker vleis in die kaggel gebraai want dit het gereent buite en die hout was ook alles nat. Jis, het pa geweet petrol ontplof as jy 'n blik vol oor die hout gooi. Pa s'n het nog nooit ontplof nie maar Jannie sê hy dink pa gooi diesel oor.

Shame, die hond en ma se persiese kat het groot geskrik en die hele big screen TV omgehardloop. Hulle mae het sleg gespuit. Ek dink dit was van die skrik. Dit stink so effens in die studeerkamer. Die hond se maag het sleg gegaan op pa se stoel, die leer een in die studeerkamer.

Daai noodhulplesse het nogal goed te pas gekom want ek het hulle dadelik in die Jacuzzi gegooi om die vlamme dood te maak. Ek dink hulle hou meer daarvan in

die hitte nou dat hulle nie meer hare het nie.

Pa moenie worry oordadig dat die borrels nie meer uitkom in die Jacuzzi nie. Ons het van daai verf wat op die garagevloer uitgeval het daar geveerf en die gaatjies is bietjie gestop. Omdat ons die big screen gebreek het en ons nie kan TV kyk nie, slaap ons nou sommer in julle kamer en kyk daar TV. Die kaggel lyk nou kaal oor die Persiese mat nie meer daar is nie.

Pa en ma moet julle nou oor niks bekommer nie. Ek het die versekering gebel en hulle het al kom kyk na wat gebeur het. Hulle sal seker binnekort kom regmaak omdat pa dit gereeld betaal het. Die ou wat hier was het gepraat van repireer oor nodige voorsorg wat pa getref het. Ek dink nie die ou wat hier was van die versekering kan spel nie want in die brief staan repudieer weens nodige voorsorg.

Nou ja, ek is moeg geskryf en ons wil nog gaan kyk of ons nie die molle wat besig is in die tuin kan uitrook nie. Wagter het die oom wat die water en ligte lees sleg gebyt. Hy het uit die jaart gekom want Jannie het met die grassnyer deur die elektriese hek gery.

Die sprinklers werk nie meer so lekker nie, hy het dit afgesny. Dit spuit nou regop in die lug, nou is dit eers mooi. Die dokter dink nie die oom is te sleg gebyt nie. Die steke en inspuittings was maar net R4500.00. Hy het iets gepraat van pa sue dat pa geen klere aan jou gat het nie.

Ons het die swembad leeggetap en nou skaats ons lekker in die leë swembad. Daai pomp by die swembad het sulke rook gemaak en nou werk hy nie meer nie.

Ma weet daai skildery by die familiekamer, van die ou met die lap om sy kop, van Gog of ietsie. Jannie het dit bietjie meer kleur gegee. Hy het die lap weggeveerf en 'n oor opgeteken. Lyk nou sommer stukke beter.

Hy het gese hy gaan die een in die studeerkamer, laaste nagmaal of whatever, ook bietjie renovate nadat hy daai Mona Lisa in die voorportaal blond gemaak het.

Ek het regtig nie geweet Jannie kan so mooi teken nie. Julle kan regtig trots wees op hom, al het hy die DVD player laat val en dit werk nou nie meer nie.

Geniet die 5 weke wat julle nog oorsee is. Ek skryf volgende week weer. Ek kan nie bel nie. Jannie het die selfoon in die toilet laat val.

Julle moet nou glad nie worry nie.

Liefdegroete daar.

♪ ♪ Fluit-fluit . . . ♪ ♪

KAMMANUUS verskyn weer op 11 Februarie